baai met koring, volstruise, skape en bokke geboer.

Een van sy afstammelinge, Maurice (Louis se oupa), en sy broer, Egbert, het van 1916 tot 1919 by Heidelberg (Transvaal) vir 'n beesboer gaan werk. "Op 'n dag het Oupa so vir die beeste gekyk en gesê hy gaan eendag méér beeste as die boer hê."

Mense het vir sy lugkastele gelag. Hy het toe osse begin koop en hulle geleer ploeg. Ná 'n jaar het hy hulle as geleerde osse verkoop. Dan het hy weer osse gekoop en hulle geleer. Later het hy sy droom verwesenlik om op groot skaal met beeste te boer. In 1930 het hy grond by Nietverdiend gekoop en dit mettertyd uitgebou tot 36 000 ha en 13 000 koeie.

In 1990 het die staat die familiegrond by Nietverdiend onteien en hulle het ander grond daar naby gekoop. Hulle het toe reeds grond by Lichtenburg gehad en in 'n stadium daarheen verhuis.

## Kry 10% van uitbreidings

Toe Louis omstreeks 1986 saam met sy pa begin boer, het hy 'n ooreenkoms met hom aangegaan waarvolgens Louis 10% kry van alles waarmee hy die boerdery uitbrei.

"Ons het grond en beeste begin koop. Die eerste paar jaar het ek niks gekry nie en het van skaapvleis en koffie geleef. Mettertyd het my planne dividende begin oplewer. En toe dit begin loop, toe lóóp dit."

Maurice en Nico het eers met Afrikaner-beeste geboer. Die ras is baie gehard, maar Nico het vrugbaarheid, melkproduksie en temperament gemis. Dit is toe dat hy in 1967 sy eerste Brahmane aangekoop het. Mettertyd het al die Afrikaners vir Brahmane plek gemaak.

Die Brahman se sterkste eienskap is dat hy swak weiding in goeie vleis omskakel. Louis het dit wéér ervaar toe hy in 2014 'n kudde in die Outeniquaberge by Mosselbaai gevestig het, in 'n deel waar daar in menseheugenis nie beeste was nie.

Die bemarking van sy stoetdiere vind plaas met die oog op sy jaarlikse produksieveiling, wat vanjaar op 9 Junie op Sandbult plaasvind.

"Ek wil voortdurend seker maak ek bied veral vroulike diere aan waarmee ander boere hul kuddes kan verbeter. Daarom maak ek my Brahmane so natuurlik moontlik en gehard groot sodat hulle nie aan aanpasbaarheid inboet nie."



Loriza Brahmane het veral 'n besonderse speenindeks. 'n Deel van Louis se praktyk is om noukeurig syfers te versamel, wat al in 1970 in die Loriza-kudde begin het.

**LBW VRA... Louis Meyer**



**Watter tegnologie is onmisbaar in jou boerdery?**
'n Skaal, rekenaar en selfoon.

**Wat is die beste raad wat jy al gekry het?**
My pa: "Geen verskonings, slegs oplossings." Hy en ander suksesvolle boere oor die wêreld heen was my mentors.

**Wat is die grootste boerderyfout wat jy gemaak het?**
Ek het na te veel "smouse" geluister.

**Wat is jou grootste hindernisse in die boerdery?**
Koste en arbeid.

## Prestasietoetsing kom al langer as halfeeu

Louis boer ekstensief en verskaf 'n fosfaatlek in die lente en somer, en 'n produksielek in die herfs en winter. "Bly weg van goedkoop lekke wat 'n slim smous aan jou wil verkoop. Maak eerder seker jou koeie kry wat hulle nodig het."

Dr. Fritz Ras van Lichtenburg staan hom by met kuddegesondheid. "'n Goeie veearts se dienste is noodsaaklik. Jou eie kennis van jou beeste is waardevol, maar jy kan nie sonder 'n goeie kuddegesondheidsprogram vooruit boer nie."

Loriza is een van die vrugbaarste kuddes met die hoogste melksyfers in Suid-Afrika.

Louis vergelyk die stoetery se beraamde teelwaardes gereeld met ander telers s'n om te verseker dat hy geharde, vrugbare koeie teel wat hul kalwers goed grootmaak.

Die stoetery doen al sedert 1970 prestasietoetsing. Oor die dekades het hy al meer as 33 000 beeste deur fase A- en fase B-toetse gesit en meer as 4 000 bulle deur fase D-toetse.

Wyle dr. Michael Bradfield, hoof van Breedplan Suider-Afrika, het Louis altyd op die belangrikheid van prestasiemeting en beraamde teelwaardes gewys. Beeste moenie net visueel geselekteer word nie, maar ook volgens prestasie. Koppeling met die vernaamste ander lande se Brahmane is ook belangrik.

## Akkurate speensyfer

Loriza het veral 'n besonderse speenindeks, wat deur Breedplan bevestig word (kyk hierna by **shorturl.at/bdGMY**).

'n Deel van Louis se bestuurspraktyk is om akkurate syfers te versamel, wat al in 1970 in die Loriza-kudde begin het. Hy brand op 100 dae die kalwers se horings, doseer en weeg hulle. In daardie stadium eet 'n kalf nog min en is baie afhanklik van sy ma se melk. Dus is die speensyfer min verwronge en hy verkry 'n akkurate syfer van die koei se melk, en kan koeie met die beste melkproduksie selekteer.

Met speen op ses tot sewe maande weeg Louis hulle weer. "Speen eerder vroeg as om 'n swaarder kalf te probeer speen, anders gaan jy vorentoe verloor." Dan kan